# SKOLEBEDIENING: Week van Gebed – Dag 5

**Benodighede**: Groot boks met "Verlore items" op en goed daarin wat kinders moontlik sal verloor. Muntstukke en penne.

**Doel van les:** Prayerwalk – gebed vir skool.

**Les (5 min):**

Vandag gaan ons 'n prayerwalk doen. Ons gaan elke groep na 'n sekere area in of om die skool stuur en daar gaan die groep bid vir enige sake wat die Here op hulle harte lê.

Wys prentjie van Praying Mantis. Sien julle hierdie insek? God het hom gemaak om te lyk asof hy bid. Wie vou ook hulle hande so bymekaar wanneer hulle bid? Ja, baie van ons bid so en maak ons ogies toe. Vandag gaan ons egter bietjie anders werk. Ons gaan ons hele lyf gebruik. Ons gaan prayer walk. Wanneer ons prayer walk, sien ons dinge raak wat ons dalk nie gewoonlik voor sou bid nie. Ons gaan vandag na punte beweeg en ons gaan kyk na ons omgewing en vir die Here vra om ons te wys waarvoor ons moet bid in die skool.

**Joshua 1:3 – Elke plek waar julle voetsool op sal trap, dit gee Ek aan julle, soos Ek met Moses gespreek het.**

Wanneer lelike dinge in die skool gebeur, is dit die Satan wat kom steel by Jesus se kinders. Ons gaan stap en weet dat ons nou grond vir Jesus gaan terugwen deur ons gebede.

- **Tyd vir stil gebed (10 min)**: Groepe gaan na hulle punte om te gaan bid. Groepleiers kan bv bietjie uitvra oor wat die kinders aan dink wanneer hulle daar staan en hulle dan aanmoedig om daarvoor te bid.

- **Afsluiting (5 min):** Die groepe kan terugkom saal toe en vinnig 'n lysie maak van als waarvoor hulle gebid het. Dit kan dan teen die plakkaat geplak word.